VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 14 - Uitgawe 38
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

2 Desember 2016

ONS GROOTSTE GESKENK!

Die wêreld vier op 25 Desember weer Kersfees. Almal, gelowiges, sowel as ongelowiges word hierdeur, selfs deur al die kommersialisering daarvan, bewus gemaak dat Jesus vir ons as geskenk "gegee" is. Wat 'n kosbare geskenk!

Dra die bekende woorde van Jesaja 9: 5-6a in hierdie feestyd saam met jou: **"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring."** Hierdie "geskenk" is ook vir jou gegee, moet dit nie op 'n rak bêre, of iewers in die stal van jou lewe wegsteek en eendag uitvind dat jy die ware sin en betekenis van die lewe misgeloop het nie. Deel hierdie besondere "geskenk" vryelik met jou naaste, dit is die grootste geskenk wat jy ooit vir iemand anders kan gee!

Mag jy in hierdie Kerstyd opnuut besef hoe wyd, ver, hoog en diep die liefde van Christus strek – mag die vrede en vreugde van Kersfees, Jesus Christus, ook in 2017, daagliks deel van jou lewe wees!

Die Sinodale Kantoor sluit op Donderdag 15 Desember 2016 om 10:00 en heropen DV op Maandag 9 Januarie 2017. Die 1ste uitgawe van Vrypos sal weer op 19 Januarie, nadat die skole heropen het, verskyn.

1. AANDAG RINGS- EN GEMEENTESKRIBAS:

Die personeel van die Argief- en Inligtingskantoor, Bloemfontein, doen 'n dringende beroep op diegene wat nog nie al die relevante dokumentasie by hierdie kantoor ingedien het nie, om dit asseblief af te lewer voordat die Sinodale Kantoor vir die vakansie sluit! Die amptelike sperdatum was reeds 30 Augustus 2016! Dié kantoor wil graag hulle werk vir hierdie jaar betyds afhandel - hulle spreek ook hiermee hul groot waardering uit aan rings- en gemeenteskribas wat hul daarvoor beywer om jaarliks hul dokumente voor die sperdatum in te dien.

2. INLIGTING OM VAN KENNIS TE NEEM:

16 DAE VAN AKTIVISME VIR GEEN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS: Hierdie veldtog is 'n internasionale een en het ontstaan by die eerste *Women's Global Leadership Institute* wat in 1991 deur die *Centre for Women's Global Leadership* geborg is. Alhoewel die wêreldwye veldtog slegs op geweld teenoor vroue fokus, het Suid-Afrika kinders by sy veldtog gevoeg, as gevolg van die hoë voorkoms van kindermishandeling in die land. Die veldtog het **reeds op 25 November afgeskop – die Internasionale Dag vir Geen Geweld teen Vroue en word op 10 Desember – Internasionale Menseregtedag – afgesluit.** Die veldtog gebruik elke jaar die wit strikkie as 'n simbool van persoonlike en organisatoriese verbintenis tot die uitwissing van geweld teen vroue en kinders. Die wit strikkie simboliseer die verbintenis van die draers om "nooit geweld teen die weerloses te pleeg of goed te keur nie en om standpunt in te neem teen geweld waar hulle dit teëkom.

WEEK VAN GEBED 2017 - VRYGEMAAK DEUR GOD WAT HOOP GEE: Riglyne vir 2017 se Week van Gebed, soos saamgestel deur die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerk-familie, is nou in Afrikaans en Engels beskikbaar. Helené Fouché (NG Kuilsrivier), Akash Sirpal (RCA), Henco van der Westhuizen (NGK), Derick Myburgh (VGK), Myrtle Joubert (VGK) en Ntozakhe Simon Cezula (VGK), is die lede wat die riglyne verskaf het. Kry dit hier op CLF se webwerf.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE - 3 MAART 2017: Diegene wat besig is met beplanning vir volgende jaar, kan gerus kennis neem van die datum en tema vir 2017 se Wêreldbiddag vir vroue. Dit word altyd op die eerste Vrydag in Maart gedenk en volgende jaar is die skrywersland die Fillipyne. Hulle het ***My genade is vir almal*** (*Am I being unfair to you*?), as tema gekies, met Matt 20: 1-16 as teks.

Vir meer inligting, klik **hier** en om bestellings vir die brosjure te plaas, klik **hier**.

EERSTEJAARSKAMPE 2017: Vir matrikulante wat in 2017 verder gaan studeer, is daar wonderlike eerstejaarskampe wat in Januarie in Bloemfontein, Stellenbosch, Potchefstroom en Port Elizabeth plaasvind – klik op elke advertensie vir meer inligting.

BLOEMFONTEIN

STELLENBOSCH

POTCHEFSTROOM

PORT ELIZABETH

5. AKTUEEL:

BEOOGDE WET OP HAATSPRAAK JAAG KERKE DIE HARNAS IN: Die beoogde Wet op Haatspraak het die potensiaal om godsdienstige getuienis oor die inhoud van heilige tekste, waaronder die Bybel, te kriminaliseer. Terwyl daar op godsdienstige gebied voorbeelde van ernstige menseregte-vergrype voorkom (dink maar aan die praktyke rondom die Doom-insekdoder wat vroeër aan die lig gekom het), kan godsdienstige vryheid in gedrang kom. Volgens die *FOR SA*-koalisie, wat verskeie kerke se respons beliggaam, is die probleem nie soseer die aspekte van die wet wat oor haat-misdade handel nie, maar eerder die gedeelte oor haatspraak. Haatspraak word baie wyd gedefinieer en kan godsdienstige lering insluit. ***FOR SA* het 'n aanlyn-petisie saamgestel** - belangstellendes kan aan die petisie deelneem deur **hier** te klik. In aansluiting hierby, het die Tussenkerklike Raad (TKR) ook hierop reageer – lees meer hieroor, sowel as oor die maatreëls van die Kommissie vir Godsdiens, wat deur die Katolieke gekritiseer is – klik **hier.**

(Met dank oorgeneem uit GrensPos)

FRESH EXPRESSIONS AND NETWORKS: Networks are displacing neighborhoods as our source of community (**Ken Carter**). Instead of going to church, "third places" (like coffee shops, digital media, sport clubs) are becoming essential for civic engagement and community. How does your church compare to some of the basic characteristics of these places?:

- there are no economic barriers to entrance;
- there is food and drink;
- the space is highly accessible;
- there are regulars, who are usually present, and
- newcomers, who are welcomed and received with ease,
- it has the quality of a neutral space,
- the dominant mode of communication is conversation, and
- the mood is playful.

Read more **here.**

(Baie dankie aan VrydagNuus vir hierdie interessante artikel)

HOU OP 'OPSTAAN' VIR GOD... EN LÉÉF: Die enigste "wenners" in die manier hoe baie kerke tans probleme hanteer en dogmas beredeneer, is die media, skryf Stephan Joubert in 'n onlangse artikel. 2016 sal onthou word as die jaar van plaaslike kerklike warboel. Of so iets. Die algemene sinode van die NG Kerk het pas 2015 se sinodebesluit ongedaan gemaak. Vroegjaar het die Gereformeerde Kerk besluit dat vroue nie ouderlinge of leraars mag wees nie. 'n Paar maande gelede het die Hervormde Kerk gesê diegene wat hulleself vroeër vasgeloop het in daardie kerklike "reg van toegang voorbehou" bordjies is nou welkom. Terwyl kerklike binnegevegte oral woed oor bogenoemde sake, lyk dit asof die koeëlvaste bedryfsisteme van hoofstroomkerke besig is om dramaties ondoeltreffend te raak. Ongestoord volhard die meeste kerke eeue lank reeds met dieselfde soort demokraties aangedrewe samekomste, voorskriftelike prosedures en gestandaardiseerde hantering van probleme. Lank in die tand, of wat! Lees **hier** verder.

WENKE OM WATER TE SPAAR: Suid-Afrika beleef tans die ergste droogte en watertekort in die geskiedenis! Ons het mos groot geword met die idee dat water nooit sal opraak nie, as ons 'n kraan oopdraai, is dit maar net altyd daar! Toe nie, almal staar nou hierdie probleem in die gesig met waterbeperkings wat al hoe strenger word en steeds is daar mense wat vere hiervoor voel! **Hier** is 'n paar goeie wenke hoe om water in jou omgewing te spaar (selfs wanneer jy by jou vakansiebestemming is) – lees **hier** 'n paar interessante feite oor water.

Kyk ook gerus na **hierdie video** van Harrison Ford wat namens die oseane van die aarde, 'n waarskuwing aan alle menslike inwoners rig. Hierdie is een van 'n reeks kort video's wat deur Conservation International gemaak is en waarin bekendes (oa ook Julia Roberts, Kevin Spacey en Liam Neeson), elk 'n faset van die natuur verteenwoordig en die kyker daarvan probeer bewus maak dat die aarde versorg moet word en nie langer uitgebuit, geplunder en vernietig kan word nie. Die slotboodskap kom telkens deur, die natuur het nie mense nodig nie, mense het wel die natuur nodig!

(Dankie VrydagNuus vir hierdie video)

6. GEBEURE BY GEMEENTES:

Die **NG GEMEENTE ORANJEVILLE bied op Saterdag 10 Desember 2016 om 09:00, 'n KERSMARK aan.** Buiten heerlike eetgoed, gaan daar heelwat prettighede wees soos Microlight- en 4-wielmotorfietsritte, met optredes deur Neels Kriel en Frikkie de Bruin. Vir navrae, kontak vir Linda @ 082 335 1351.

KERSFEES 2016 @ TORINGS VAN HOOP: Belangstellendes word uitgenooi om hiérdié Kerstyd by hulle aan te sluit om iets van God se liefde vir 'n stukkende samelewing te wees. Die sentrum beplan die volgende as deel van hul Kersprogram:

- **Om voor Kersfees, 'n geskenkie aan prostitute uit te deel**
- **Uitstappie vir ongeveer 20 straatkinders**
- **Om vir 400+ mense 'n heerlike Kersete voor te sit (die 9de keer hierdie jaar!)**

Vir hierdie enorme taak word daar baie hulp benodig, soos borge/skenkings vir geskenkies, lekkernye vir die kinders, bestandele, ensovoorts, vir die Kersete, asook heelwat vrywilligers om hulle hierin by te staan - daar kan ook finansiële bydraes gemaak word. Indien jy enigsins betrokke wil raak, kontak die kantoor by 051 430 4274, of vir ds De la Harpe le Roux by 083 232 1051, of stuur 'n e-pos na **info@towersofhope.org**

7. NUUSBRIEWE:

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 26/2016: Dié week is die fokus op die laaste Kerkbode van 2016, Bybelkor-publikasies, jongste kategese materiaal, 'n vakature vir 'n web-joernalis en nog meer – klik **hier** om te lees.

CLF NUUS: In hulle laaste nuusbrief van die jaar, word daar op **Kersfees as 'n Christusfees** gefokus – lees **hier** hoe jy gedurende hierdie tyd, vir iemand iets kan beteken.

MISSIE JAPAN NUUSFLITS – DES 2016: Lees **hier** meer oor die werksaamhede in Japan.

8. BEROEPENUUS:

Die **NG Gemeente Viljoensdrif het vir prop (Dr) JA (Jan) de Man as Tentmaker-leraar beroep.** Hy word **Sondag 4 Desember 2016** tydens die erediens in die **amp bevestig**. *(Baie geluk dr Jan, ons bid vir u die Here se seën toe op u bediening).*

9. VAKATURES:

LERAAR – NG BOSHOF: Klik **hier** vir meer inligting oor hierdie pos, **sluitingsdatum vir aansoeke is Saterdag 31 Desember 2016.**

LERAAR (Voltyds onbepaald) – NG LUCKHOFF: Vir meer besonderhede, klik **hier**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 11 Januarie 2017.**

VOLTYDSE LERAAR – NG MARQUARD: Die gemeente stel hierdie pos bekend en wag aansoeke hiervoor in. Marquard is 'n plattelandse dorp in die Oos–Vrystaat en die gemeente bestaan uit 350 belydende lidmate en 90 dooplidmate. Predikante en gelegitimeerdes van die NG Kerk word genooi om vir die pos aansoek te doen. Aansoekvorms met meer besonderhede is by die kerkkantoor @ 051 991 0408, of per e-pos by **ngkerkmarquard@telkomsa.net** beskikbaar. Belangstellendes kan ook met die huidige leraar, dr Johan Marais @ 079 879 7868, of vir Hannes van der Watt @ 082 551 1596, of met Hugo Froneman @ 083 969 7667, skakel. Ruim pastorie beskikbaar, vergoeding volgens sinodale skaal. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 15 Januarie 2017.

WEB-JOERNALIS - BYBEL-MEDIA: Bybel-Media en Tydskriftemaatskappy (uitgewer van die Christelike tydskrif, LiG) op Wellington, sal vanaf 1 Februarie 2017 'n vakature hê vir die pos van web-joernalis. Vir meer inligting, lees gerus BM se nuusbrief (pt 7). **Aansoeke sluit reeds op Vrydag 9 Desember 2016.**

Klik **hier** vir ander vakatures in die NG Kerk-familie, soos in e-Kerkbode aangedui.

10. LERAAR BESKIKBAAR VIR PREEKBEURTE:

Dr Gretha Heymans van Bloemfontein is beskikbaar om preekbeurte in gemeentes waar te neem. Sy het ook 'n Pastorale Spreekkamer vir diegene wat hierdie diens sou benodig. Haar kontakbesonderhede is 082 926 9023, of **gretha@shisas.com**

11. VERJAARSDAE:

Klik **hier** vir al die leraars in die Vrystaat wat die komende week, sowel as gedurende die vakansie verjaar, seënwense vir die nuwe lewensjaar.

12. TEN SLOTTE:

A New Years's Prayer

May God make your year a happy one!
Not by shielding you from all sorrows and pain,
but by strengthening you to bear it, as it comes;
Not by making your path easy, but by making you sturdy to travel any path;
Not by taking hardships from you, but by taking fear from your heart;
Not by granting you unbroken sunshine, but by keeping your face bright, even in the shadows;
Not by making your life always pleasant, but by showing you when people and their causes needs you the most and by making you anxious to be there to help.
God's love, peace, hope and joy to you for the year ahead.

-Anonymous-

Geniet die vakansie, rus lekker en reis veilig, tot ons weer in 2017 saamgesels.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 (k)
Faks: 086 609 2547

INDIEN JY OP VRYPOS WIL INTEKEN, KLIK **hier** (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)
AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, KLIK **hier**
Stuur enige nuusgebeure, inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za (spertyd vir indiening, Dinsdae @ 14:00)

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BEOOGDE WET OP HAATSPRAAK:

Tussenkerklike Raad (TKR) reageer op haatspraakwet: *Blitspos*, nuusbrief van die Hervormde Kerk, berig die volgende: Die Tussenkerklike Raad (TKR) bring verteenwoordigers van die NG Kerk, die Gereformeerde Kerke in SA en die Neder-duitsch Hervormde Kerk van Afrika byeen om oor sake van gemeenskaplike belang te gesels. In die lig van voorgestelde wetgewing oor die regulering van godsdienstige organisasies en oor die kriminalisering van haatspraak, het die TKR besluit om gesamentlik as 'n liggaam namens die drie Afrikaanse Kerke op die voorgestelde wetgewing te reageer. Kerke en gemeentes is hierbenewens welkom om ook verdere voorleggings op hul eie te maak. Kundige lidmate kan tegniese kommentaar op albei stukke konsepwetgewing aan die Sekretaris: Kommunikasie, dr Wouter van Wyk, stuur by **wouter@nhk.co.za.** Al die kommentaar wat ontvang word, sal aan kundige lidmate van die Kerke gestuur word vir afhandeling. Dr Johan van Staden (NHKA Sionspoort), het reeds 'n dokument in reaksie op die voorgestelde wetgewing oor haatspraak opgestel en is deur die TKR versoek om die kommentaar wat hierop ontvang word, te verwerk vir 'n finale voorlegging namens die TKR.

Katolieke kritiseer maatreëls van Kommissie vir Godsdiens: In 'n onlangse verslag kritiseer die Rooms Katolieke Kerk die verslag van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe se verslag oor die situasie in Suid-Afrika. Die Kommissie het 'n ondersoek gedoen na aanleiding van 'n paar mediaberigte oor godsdienstige vergrype in die land. In sy verslag beveel die Kommissie omvattende reguleringsmaatreëls vir godsdiensgroepe, waaronder kerke, in die land aan. In sy kommentaar op die Kommissie se verslag, skryf die Katolieke Parlementêre Kantoor: *Overall, while the report mentions a few disturbing examples of fraud and exploitation in the name of religion, it fails to establish that our society is suffering from a particularly serious problem in this regard. The isolated examples it mentions do not seem to justify the exceptionally intrusive and directive nature of the remedies the report proposes. The report also neglects to explain why a cumbersome, impractical, and intrusive system of councils, committees and 'umbrella organisations' is needed when plenty of ordinary legal mechanisms already exist to tackle the issues it is worried about.* Die volledige kommentaar kan **hier** gelees word.

TERUG NA INHOUD

ARTIKEL – STEPHAN HOUBERT:

Hoe die wêreld ook al verander, kerklike hekgeld bly grootliks dieselfde. Steeds is dit die basiese aanname dat wanneer leerstellige kwessies op kerklike tafels beland, moet dit formeel deur kundiges ondersoek word. Die skuif is altyd weg vanaf persoonlike verhoudings en plaaslike gemeentes na papieraangedrewe ondersoeke. By gesentraliseerde kerklike vergaderings word sulke leerstellige probleme gewoonlik deur afgevaardigdes gedebatteer. Uiteindelik, nadat die groot olifante klaar gestry het en die sagte kerklike gras dikwels seergekry het, word "dié kerk" se standpunte by wyse van demokratiese stemmings bepaal. Hierna moet gemeentes genoemde standpunte plaaslik eerbiedig.

'n Neweproduk van die kerk se sementagtige bedryfsisteme is dat die Bybel al hoe meer die eksklusiewe gestalte van 'n "amptelike Leerstukboek" begin aanneem (of is dit die "Groot Kerklike Verseboek?"). Dit verskraal die Bybel tot 'n vreemde, geslote boek wat net "amptelik" ontsluit kan word deur kerklik-betiteldes. So word die verhalende kontekste waarbinne God in sy eie Boek aan die woord kom en geloof oproep, onderspeel.

God se wil verskraal toenemend binne huidige kerklike kringe tot raaisels wat formeel ontrafel moet word. Bykans enigiets waaroor daar 'n verskil van mening is, word in die kerk as "vraagstukke" gekonseptualiseer en dienooreenkomstig hanteer. Die ironie is egter dat die bedryfstyl van raaisel-ontrafeling die kerk op vele plekke tot 'n onpersoonlike instelling laat vervaag, al word steeds gepraat van 'n familie wat veronderstel is om op intieme onderlinge verhoudings geskoei te wees. "Broer en suster"-etikette wemel steeds in die kerk, maar die feit dat kerklikes mekaar gedurig ook nog "u" noem, weerspreek dit ietwat. Wys my 'n gesonde familie wat soos die meeste kerke vergader, besluite neem, of probleme oplos...!

Daardie gevleuelde woorde wat met Martin -Luther verbind word: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie", het kerklikes se verbeelding aangegryp op maniere wat die Hervorming nooit voorsien het nie. Sedertdien moet alle kerklikes blykbaar 'n standpunt hê, nie 'n leefpunt of 'n looppunt nie. Daar moet gedurig opgestaan word vir die waarheid! Ons het vergeet 1 Petrus 2:15 roep ons eintlik op om goed te doen in die Here se naam, nie om bloot net op te staan nie! Ons het vergeet Jesus is die eintlike punt, die leefpunt, vir die kerk. Hy het nie gesê: "Volg my leerstellings" nie. Hy het gesê: "Volg My." Ja, Jesus het ook leerstellings. Vir seker vra Hy gehoorsaamheid hieraan, maar dit gebeur altyd binne verhoudings op voetsoolvlak. Op verhoudingsvlak skaaf ons aan mekaar en praat ons dinge mond tot mond uit.

Op grondvlak kry die Bybel regtig lyf wanneer dit uitgeleef en prakties op ons voetspore en vingerafdrukke afgee. God se waarheid is altyd relasioneel, dit is nie klinies verpak, soos in vele kerklik-afgetekende verklarings of formules nie. Nooit maak die Nuwe Testament die Gees-leiding eksklusief aan kerklike vergaderings vas nie. Laasgenoemde is ook belangrik, maar dit is beslis nie die enigste, of finale venster op sy leiding nie. Hiervoor het ons ander lense broodnodig, daardie soort

lense wat fyner fokus op plaaslike gemeentes, asook groter lense wat fokus op die -wêreld-omarmende koninkryk van God. Plaaslike geloofsgemeenskappe hou juis hier die sleutel. Hulle het die volmag om die Skrifte te lees en om verbeeldingryk binne God se groot koninkryk te leef.

Kerk is heel eerste plaaslik sigbaar en voelbaar. Hier word die kerk se ware omgeekleure gewys; hier leef geloof... of nie! Die enigste "wenners" in die manier hoe baie kerke tans probleme hanteer en dogmas beredeneer, is die media. So lank as wat sulke prosesse in stand gehou word, sal dieselfde soort konflik en groepvorming die kerk se voorland wees. O ja, so ook krimpende kerke en 'n toenemende verlies aan openbare geloofwaardigheid.

(Prof Stephan Joubert is buitengewone professor in eietydse ekklesiologie aan die Universiteit van die Vrystaat)

TERUG NA INHOUD

SPAAR WATER - BEGIN VANDAG NOG WATER SPAAR… EN ONTHOU, ELKE DRUPPEL TEL:

Hier is 'n paar wenke hoe daar in en om die huis verder water bespaar kan word:

1. Moenie die kraan oophou terwyl jy tande borsel nie, so kan tot 6 liter water per minuut bespaar word.
2. Vergeet van lang storte. Ses tot 45 liter water per minuut kan so bespaar word.
3. Kook net soveel water in die ketel as wat jy op 'n keer nodig het.
4. Moenie jou wasmasjien of skottelgoedwasser gebruik as dit nie 'n volle lading het nie.
5. Herstel druppende krane. 'n Druppende kraan kan 15 liter water per dag, of sowat 5 500 liter water per jaar vermors.
6. Plaas 'n "waterverplasingstoestel" in jou toiletbak – selfs 'n baksteen of 'n plastiekbottel met water gevul om water te bespaar.
7. Gebruik 'n gieter pleks van 'n tuinslang om jou tuin nat te lei. Lei jou tuin vroegoggend of laatmiddag nat om verdamping te verminder en so meer water te bespaar. Terloops, 'n tuinslang kan tot soveel as 1 000 liter water per uur gebruik.
8. Lei net jou tuin nat wanneer dit nodig is. Wenk: loop op die grasperk. As die spriete terugbons, is dit nie nodig om water te gee nie.
9. Hou 'n beker water in jou koelkas. So het jy altyd koue water byderhand sonder om die kraan te laat loop tot koeler water uitkom.
10. Gebruik 'n emmer pleks van 'n tuinslang wanneer jy jou voertuig was en gebruik die tuinslang kortliks wanneer jy die seepwater afspoel.
11. Trek die besem pleks van die tuinslang nader om inritte en sypaadjies skoon te hou.
12. Vang die water op wat loop terwyl jy wag dat die warm water deurkom. Gebruik hierdie water om plante of jou tuin mee nat te lei.
13. Gebruik emmers of houers en vang die reënwater op wat by jou geute afloop, dié water kan ook vir jou tuin gebruik word.
14. Gebruik 'n deklaag of boombas in blombeddings – dit help om onkruid af te weer en verdamping te keer.
15. Hou jou oë en ore oop. Meld gebreekte waterpype en vermorsing van water by jou naaste plaaslike owerheid aan.

BRONNE: **www.runningdry.org**, **www.irishexaminer.com**, **www.treehugger.com**, **www.edenproject.com**

TERUG NA INHOUD

CLF NUUS - KERSFEES IS 'n CHRISTUSFEES:



Met *Little Drummer Boy, White Christmas* van Boney M en Stille Nag in ons ore, jaag ons van winkel na winkel met ons geskenkelys wat net nie wil korter en beursies wat by elke "tjieng" van die kasregister net leër raak. Ure se beplanning vir 'n oorlaaide Kerstafel en optooi van huise...

Mag hierdie Kersgety vir ons as Christene weer 'n ware Christusfees word wat ons geestelike bekers so sal vul, dat dit oorvloei na almal met wie met ons in aanraking kom:



1. Die boodskap van God se liefde, verlossing en genade vir diegene wat hoop verloor het.
2. 'n Omgee-glimlag vir iemand wat verby jou in die straat loop of saam in die hysbak staan.

3. ‘n Besoek aan ’n eensame bejaarde op Kersdag.
4. Betrokkenheid by ’n omgeeprojek in jou omgewing en hulp met die Kersfunksie of -ete. Jy mag dalk net verras word deur die ware Christusfees wat jy by ’n ete vir haweloses ervaar!

CLF se lektuur kan bydra om ander se lewens hierdie feesseisoen aan te raak.
Bestel by 021 873 6964 of e-pos info@clf.co.za of besoek www.clf.co.za

CLF se kantoor sal gesluit wees vanaf 22 Desember 2016 en heropen 9 Januarie 2017

BAIE DANKIE

Aan alle gemeentes en lidmate wat Christelike Lektuurfonds se werksaamhede:

- ***finansieël ondersteun***
- ***in gebede dra***
- ***en ligdraers in gemeenskappe is met CLF materiaal***

Sonder u vriendskap en omgee kan ons nie voortgaan om die boodskap van God se liefde aan almal te bring nie.

TERUG NA INHOUD

VERJAARSDAE:

2 Desember:
Ds Theo Oosthuyzen - SENEKAL - 082 388 500, theo.xplode@gmail.com
Ds Attie Steyn - PELLISSIER - 082 381 9058, atsteyn@mweb.co.za
3 Desember:
Ds Werner Klindt - SMITHFIELD - 073 009 0241, wernerklindt@gmail.com
4 Desember:
Ds Martin Pienaar - BETHULIE - 073 236 0668, mgpienaar@vodamail.co.za
10 Desember:
Ds Laurie Naudé - MEYERHOF - 082 378 2322, laurienaude@telkomsa.net
11 Desember:
Ds Lindo Pieters - BOSHOF - 083 562 8983, 0798880151@vodamail.co.za
12 Desember:
Ds Hennie Pistorius - LANGENHOVENPARK - 076 176 4530, hgpistorius@webmail.co.za
15 Desember:
Dr Charles Mitchell - HEUWELKRUIN - 079 895 3911, cmitchell@ngheuwelkruin.org.za
Ds Gert Victor - HARRISMITH - 082 459 2134, gdvictor@telkomsa.net
Ds Nico van der Walt - HEUWELSIG - 083 256 2014, dsnico@ngkerkheuwelsig.co.za
21 Desember:
Ds Cobus Hamman - BAINSVLEI - 082 399 5288, hamman@schoolink.co.za
27 Desember:
Ds Johan Marais - BERG EN DAL - 084 517 8052, dsjmarais@lantic.net
1 Januarie:
Ds Hannes Haggard - HENNENMAN - 082 681 0463, haggardh@telkomsa.net
Ds Mias van Jaarsveld - BETHLEHEM-WES - 072 901 8484, miasvj@gmail.com
5 Januarie:
Ds Basie Fourie - LUCKHOFF - 083 310 0811, fouriebasie@gmail.com
7 Januarie:
Ds Hans Griesel - KOPPIES - 082 578 1221, hans.griesel@vodamail.co.za
9 Januarie:
Ds Craig Saltzmann - HOSPITAALPARK - 082 828 1659, craigasalzmann@gmail.com
Ds Piet Taljaard - ARLINGTON - 079 495 7573, taljaardpiet@gmail.com
10 Januarie:
Dr Gideon van der Watt - PSD Vennote in Getuienis, NGKVS - 082 780 8038, missio@ngkvs.co.za
Ds Chris van der Linde - PETRUSBURG - 072 668 9982, dschris777@icloud.com

TERUG NA INHOUD